

Sing vooraf: Psalm 66:1, Psalm 84:1, Skrifberyming 5-3:1, 4, 5 (8:1, 4, 5), Psalm 32:4, Psalm 33:1

Psalm 66:1 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.

Psalm 84:1 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlanse / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.

Skrifberyming 5-3:1, 4, 5 (8:1, 4, 5)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang
en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskryf van Gods
verborgenhede.
U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 4 Die sondelose Lam, vir sondeskuld geslag, / is waardig om te ontvang die rykdom, wysheid, krag,
en eer en heerlikheid en dankb're seëninge! / En al wat leef en roer, al die geskape dinge
op aarde en diep omlaag, of in die hoë hemel, / al wat die see bewoon en in sy dieptes wemel –
- 5 die ganse skepping sing met krag van jubeltoon: / "Aan Hom wat heerlik is, hoog op die wêreldtroon,
en aan die Lam van God, self eewige Skeppings-Here, / sy ewig lof en prys en krag en roem en ere!"
Met "Amen, Amen!" het die gérubs opgesewe. / Die oudstes het aanbid voor Hom wat ewig lewe.

Psalm 32:4 (p. 152)

- 4 U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is, / 'n skut en skerm in alle angs en leed is,
in nood my red, met jubels my omring, / en in my gees weer vreugde laat ontspring.
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder! / U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,
en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan, / waarop my oog jou altyd gadeslaan.

Psalm 33:1 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdige, verhef die HEER!
Dit pas opregte God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlanse / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 146:1, 4 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 4 Dis die HEER wat aarde en hemel, / die getuies van sy mag,
met die see en wat daar wemel, / voortbring het deur sy krag;
wat, onwrikbaar in sy trou, / altyd sy beloftes hou.

Gebed

Psalm 19:6 (p. 83)

6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.

Skriflesing: Matteus 7:11-29 en Jesaja 64:6

Teks: Jesaja 64:6, Matteus 7:18; Kategismus Sondag 24

En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde klee; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind. (Jesaja 64:6 AFR53)
'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie. (Matteus 7:18 AFR53)

Dit maak nie werklik saak of ons in die tyd van die Ou Testament of in die tyd van die Nuwe Testament lewe nie, want

- God oordeel deur die tye met dieselfde oordeel oor alle mense se sondes.
- Hy begenadig ons ook met dieselfde liefde en vergewing van sondes in die Here Jesus se soenverdienste.

Ons kyk in hierdie preek na die volgende aspekte wat goeie werke (vrugte) raak:

- 1. Gebrek aan goeie werke in 'n gelowige se lewe**
- 2. Die Here verander ons om goeie werke te kan doen**

1. Goeie werke en 'n gelowige lewe

Dit is 'n baie ernstige saak hierdie: 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie.

- *Waar kry jy onder ons 'n mens wat net goeie vrugte dra? Daar is nie een nie.*
- *Die logiese afleiding is dus dat ons almal slegte bome is.*
- *Geen mens in enige tyd beteken uit homself iets voor die aangesig van die Here nie.*

Dit veroorsaak vir baie mense diep spanning: Die Bybel leer ons dat net volmaakte werke voor God kan bestaan. Wat nou?

- In die Ou Testament staan daar in Psalm 14:1 dat daar geen mens is wat goed doen nie.
- In die Nuwe Testament is die Here se standpunt nog altyd presies dieselfde. Lees maar Romeine 3:23 waar die Here skryf dat alle mense gesondig het en dat dit hulle aan die heerlikheid van God ontbreek.
- Dit moet ons nou teen die agtergrond sien dat die Here Jesus vir die mense gesê het dat hulle volmaak soos God moet wees (dit staan in Matteus 5:48). Voor Hom het daar net almal sondaarmense gestaan vir wie Hy later sou sterf!

Kom ons toets ons goeie werke aan wat Christus leer.

- 'n Wetsgeleerde het eenkeer na Jesus toe gekom en 'n twisvraag aan Hom gestel (Matteus 22:36vv).
- Hy wou weet watter een van die gebooie dan nou eintlik die groot gebod is waarom alles draai.

Toe antwoord Jesus:

Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. (Matteus 22:37-39 AFR53)

Hoe moet 'n mens nou oordeel daaroor dat jy die Here moet dien met jou hele hart en met jou siel en met jou hele verstand?

- Hoe geldig is dit om op ons eie behoeftes te vertrou?
- Geen mens se oordeel oor dinge is ooit heeltemal suiwer nie. Ons vertrekpunte en ons waardeskale is almal verskillend.
- Ons bepaling van ons behoeftes het al eeue lank onder die sonde deurgeloop, en omdat ons oordeel geskend is, sal ons oordeel nie altyd wees wat die Here wil hê dat dit moet wees nie.

Israel se oordeel het hulle presies net so in die steek gelaat. Kyk net met watter verskriklike belydenis het hulle vorendag gekom toe dit te laat was (Jesaja 64:6):

Ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons ongeregthede soos 'n besoedelde klee; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregthede het ons weggevoer soos blare. (Jesaja 64:6 AFR53)

Ons lewens het natuurlik nog 'n ander kant ook. As ons aan die Here gehoorsaam is, kan ons met mooi en goeie dinge in ons lewens vorendag kom.

- Daar staan in Johannes 15:5 dat almal wat in Jesus Christus bly, goeie vrugte dra, soos lote wat op 'n goeie wynstok ingeënt is.
 - Dit beteken dat ons goeie werke kan doen wanneer ons nie op ons eie behoeftes vertrou nie, maar ons in gehoorsaamheid heeltemal oorgee aan Jesus Christus.
 - *Die Here praat hier van totale en baie pynlike verandering – ek moet uit my eie lewe uitgesny word en op 'n ander Boom (Christus) ingeënt word. Daar moet ek vasgroeï of dis verby!*
 - Sulke mense word in die oordeel van die Here begenadig, want Christus het vir sulke sondaars soos ons gaan sterf sodat ons beter kan presteer.
 - Hy is tot skande gemaak, sodat ons die skande van die hel kan misloop.
- Johannes 15 stel 'n paar dinge duidelik: Jy doen nie goeie werke in jou eie krag nie.
 - Die stam wat jou voed is nie jou eie stam nie - jy is daarop ingeënt.
 - Jy kan ook nie jou eie vrugte dra nie, want die vrugte kom voort as gevolg van die stam wat jou voed.
 - Dit is presies dieselfde as wat in ons teksvers ook geskryf staan. Goeie bome dra goeie vrugte.

Die mooi dinge wat ons doen, is nie die oorsaak nie, maar wel die gevolg van God se genade oor ons.

- Die logiese afleiding is dus dat as jy geen vrugte dra nie, daar 'n groot fout met jou geloofslewe is.
- Dan is jy nie op die stam van Jesus Christus se versoening ingeënt nie. Daar bly in daardie geval net een ander lewensbron oor: Jy kan dan net op die Satan se stam groei.

2. Die Here verander ons om goeie werke te kan doen

Dis omdat ons uit onself te swak is om heeltemal goed te wees, dat Jesaja in vers 8 skryf:

Maar nou, HERE, U is ons Vader; ons is die klei, en U is ons Formeerder ...
(Jesaja 64:8 AFR53)

In Nuwe-Testamentiese taal sou ons sê: Here, ons kom nie in onself reg nie. *Verander U ons in Christus met u Woord en u Gees sodat ons U behoorlik kan dien en aanbid.*

Die apostel Paulus het toe oor hierdie teks in Jesaja 64 gaan preek. Die Heilige Gees laat dit in die Nuwe Testament opteken:

- Hy skryf in Romeine 9:21 dat alle mense soos klei in God se hande is.
 - Hy stel God voor as 'n pottebakker, wat met klei allerhande soorte voorwerpe maak.
 - Van party klei word voorwerpe van eer gemaak, en van ander klei word voorwerpe van oneer gemaak.
- Die Here openbaar verder dat die klei tog nou nie die Pottebakker kan gaan verwyf omdat hy gemaak is soos hy gemaak is nie. God maak elkeen van die voorwerpe met 'n doel en die voorwerp moet die funksies uitvoer waarvoor hy gemaak is.

Gesien teen die agtergrond van goeie werke, beteken dit dat die Here ons gemaak het om Hom te verheerlik en nie onself nie.

- Daarom moet ons die Here verheerlik in alles wat ons elke dag doen.
- Dan doen ons nie meer goeie werke omdat ons iets daarmee wil verdien nie.
- Dan doen ons goeie werke omdat ons dit wil doen waarvoor die Here ons geskape het.
- Ons is sondig, maar tog verlos uit genade. Ons is baie skuldig, maar ook baie besonders. Die Here het ons uitverkies, en Hy het ons sy eiendom gemaak.

Ons behoort dus geen ander God as die Here te ken nie, en ons geloof behoort so suiwer te wees dat ons nooit tot 'n ander geloof as aanbidding van die Drie-enige God kan oorgaan nie.

Maar nou het ons gelees dat dit tog anders was. Kyk net wat staan in Jesaja!

- Hierdie volk se werke was nie goed nie. Hulle werke was soos vuil klere.
- Hulle geloofswerke - *en dit het hulle daaglikse lewe ingesluit, want jou optrede kom tog uit jou geloof voort* - was so sleg, dat die Here hulle in ballingskap moes wegstuur om hulle tot bekering te beweeg.

Dis ondenkbaar dat 'n volk wat soveel met die teenwoordigheid van God te doen gehad het, so ver van Hom kon afdwaal. Dit laat mens wonder hoe ver ons al afgedwaal het, veral omdat ons moet glo sonder dat ons die Here ooit gesien of gehoor het, soos wat hierdie volk die Here gesien en gehoor het.

Die volk waarvan ons gelees het, staan in hulle onreinheid vir ons in ons sondige toestand.

Nou kan ons seker redeneer en sê dat ons die Here Jesus en sy soensverdienste het, wat hulle nie gehad het nie. Goed.

- Maar waarom moet ons dan nog die Ou-Testamentiese wet gehoorsaam? Dis mos werke wat tipies Ou Testamenties is.
- En die verlossing van die Here leer tog dat verdienste nie vir jou saligheid bytel nie. Ons goeie werke is uit dankbaarheid vir Jesus Christus se verdienste en uit gehoorsaamheid aan God die Heilige Gees.

Die Nuwe Testament praat nogal 'n paar keer daarvan dat die Here ons gaan beloon vir ons werke. Christus laat die kwessie van betaling in sy plek val.

- Ons werk nie vir betaling nie, maar om God te verheerlik.
- Dan besef ons dat die Here ons inderdaad oorbeseedig: Ons kom by Hom aan met gebreekte gehoorsaamheid. Maar Hy beloon ons in Christus met die vergifnis van al ons sondes, en met die heerlikheid van sy hemel.

Ons word dus nie betaal vir die werk wat ons doen nie - ons word vergoed volgens wat die Here Jesus vir ons verdien het.

- Hy het gesterf en al God se toorn gedra vir ons onbekwaamheid om goed en reg te wees.
- Wanneer ons dan in die eindoordeel voor God staan, word ons van ons sondes en onbekwaamhede vrygespreek omdat Christus ons met God versoen het.

Nou kan u seker met alle reg vra: Maak hierdie leer dan nie sorgelose mense nie? Nee, natuurlik nie!

- Daar is baie mense wat sorgeloos is, en wat selfs goddeloos is, maar dis nie die Bybel se skuld nie.
- Dis ook nie die leer van verlossing en vryskelding van sondes se skuld nie. Hulle is net doodgewoon nie opregte gelowiges nie, daarom bewys hulle lewens dit.

Die mense wat aan die ander kant besef dat Christus vir hulle gesterf het, weet om ware dankbaarheid aan die Here te betoon.

- Hulle besef ook dat die enigste manier om dit met jou lewe te bewys, is om jou lewe in te rig met goeie werke.
- Hulle probeer nie met goeie werke iets verdien nie - hulle probeer net om te volhard in die voorbeeld wat die Here Jesus aan hulle gestel het.

Daarom word ons gestraf wanneer ons nie goeie werke doen nie. Ons kan nie ons goeie werke laat vaar omdat God se genade so groot is nie, want nalatigheid in die manier waarop jy God vereer, moet gestraf word.

Geliefdes, volhard dan met blydschap in u goeie werke.

- Ons weet dat dit nie ons saligheid bewerk nie, maar laat dit u ook nie bekommer nie, want ons weet mos dat ons reeds die saligheid in Jesus Christus besit.
- Maar laat ons met ons goeie werke bewys dat ons die beeld van God dra, en dat ons waardig is aan die verlossing van die Here Jesus Christus.
- Kom ons laat ons verlossingsbeeld skyn in ons gehoorsaamheid en aanbidding aan die Drie-enige God.

Kom ons lees Kategismus Sondag 24 saam.

Vraag 62: Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie?

Antwoord: Omdat die geregtigheid wat voor die oordeel van God kan bestaan, heeltemal volmaak moet wees en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem (a) en omdat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is (b).

(a) Gal 3:10; Deut 27:26: (b) Jes 64:6.

Vraag 63: Verdien ons goeie werke dan niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomstige lewe wil beloon?

Antwoord: Hierdie beloning word nie uit verdienste nie, maar uit genade gegee (a).

(a) Luk 17:10.

Vraag 64: Maar maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie?

Antwoord: Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie (a).

(a) Matt 7:18; Joh 15:5.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 86:3 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smeek.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 26 Desember 2004
Hulpdienspredikant Clanwilliam. Datum 22 September 2013